



HANDLEIDING VIR OPTIMALE SKAAPBOERDERY IN EKSTENSIEWE GEBIEDE

deur

Juan Venter en Gawie van Wyk

NWKV

INHOUDSOPGAWE

Bladsy

1.	Ram-aankope	2
2.	Koggeltyd	3
3.	Rambestuur	4
4.	Ooibestuur in paartyd	7
5.	Dragtigheidsperiode	10
6.	Lamtyd- Lakterende ooie	11
7.	Stertsnytyd	15
8.	Die speen van lammers	16
9.	Instandhouding van ooikuddes	17
10.	Skeertyd	18
	- Algemene higiëne	19
11.	Hantering van skape	20
	- Dosering	22
	- 5 Punt ondersoek metode	23
12.	Fisiese Reproduksierekords aan die hand van die “Wet & Dry” tegniek	24

RAM-AANKOPE

- ❖ Maak seker dat jou seleksiedoelwitte met dié van jou teler ooreenstem.
- ❖ Ken jou teler en sy vermoëns, want jou kuddevordering is grootliks van hom afhanklik (rondspringery tussen telers beperk kuddevordering).
- ❖ Ramme moet vrugbaar en dekbeholding wees – dring aan op 'n geslagsgeskiktheid-sertifikaat, dit is u reg. Ramme moet werklik manlike en aktiewe geaardhede hê. Daar bestaan 'n positiewe verband tussen testis grootte van die ramme en geslagsrypheid by jong ootjies binne 'n kudde.
- ❖ 'n Ram wat een van 'n meerling is, sal oor 'n periode van tyd aanleiding gee tot 'n hoër vrugbare kudde.
- ❖ Die nageslag van 'n hoogs produserende ooi is gewoonlik meer vir ons bedryf werd.
- ❖ Koop ramme betyds aan sodat hulle genoeg tyd het om voor die teelseisoen te akklimatiseer. Omgewingsverskille kan tot tydelike onvrugbaarheid aanleiding gee.
- ❖ Vermy ramme met sagte en pap testis, want ongeveer 50% van hulle het swak saadkwaliteit teenoor 5% van ramme met ferm en elastiese testis.
- ❖ Vir kudde-verbetering is Blub-gegewens by ramme meer belangrik as indekse.

KOGGELTYD

- ❖ Dit is 'n goeie praktyk om koggelramme vir 'n periode van 11 tot 14 dae voor paartyd in veral die lente, te gebruik.
- ❖ Die ruik, sien en hoor van ramme is genoeg om ooie te sinchroniseer. (Onthou dat indien koggels gebruik word, hulle fisiese kontak met ooie moet maak.) Vir doeltreffende sinchronisasie moet ooie voor paartyd vir 'n periode van minstens 34 dae, maar verkieslik drie maande geen kontak met manlike diere (sluit ramlammers in) hê nie. (Ooie wat vir 'n periode van langer as 17 dae aan koggels blootgestel is, kan konsepsie-probleme ontwikkel.)
- ❖ Die gebruik van koggels het tot die gevolg dat ooie redelik gelyk op hitte kom en gekonsentreerd sal lam.
- ❖ Koggelramme moet manlik, jonk en baie aktief wees. Indien dit die geval is, sal 1% koggels voldoende wees en kan beter konsepsies verwag word.
- ❖ Koggelramme moet gereeld deur jong koggels vervang word. Hulle raak mettertyd weens 'n degenerasie van die testes lui en onaktief.
- ❖ Koggel die ooie met 1% viriele koggelramme (veral in die af-seisoen – lente)
- ❖ Gebruik koggelramme, wat al gewerk het op jong ooie.

RAMBESTUUR

- ❖ Ramme moet ongeveer 8 – 10 weke voor paar geskeer word.
- ❖ Indien toestande dit regverdig kan prikkelvoeding aan ramme vanaf 2 maande voor paartyd en terselfdertyd 'n aanvulling van vitamien ADE, 'n positiewe uitwerking op besettingspersentasies hê.
- ❖ Ramme moet voor paartyd fisies fiks gemaak word. Begin deur hulle ±6 weke voor paar, daaglik geleidelik oor langer afstande aan te jaag.
- ❖ Ramme is geweldig aktief gedurende die eerste 24uur nadat hulle tussen die ooie gekom het. Vir dié rede is dit belangrik om die ramme laatmiddag, wanneer dit koel is, vir die eerste keer tussen die ooie te sit. Hitte uitputting kan so verhoed word.
- ❖ Ramme se vermoë om 'n voldoende hoeveelheid ooie te dek neem af met verhoogde ouderdom.
- ❖ Oppas vir die gebruik, om die helfte van die gebruiksramme vir 17dae en die ander helfte vir die res van die paarseisoen by die ooie te jag. Ooie wat gekoggel is kom in groot getalle op hitte en onvoldoende getal ramme kan tot laer konsepsies lei (3% ramme is veilig).
- ❖ Sorg altyd vir voldoende koelte en skoon water.
- ❖ Groot kampe met meer as een waterpunt kan negatiewe ram/ooi verhouding tot gevolg hê – maak ooie minstens eenkeer per week bymekaar.
- ❖ Ondersoek ramme op gereelde basis vir klou, testis en ander probleme (soos brommer aanvalle)

- ❖ Teelramme moet vier tot ses weke voor paring teen bloednier en neuswurms doseer word. Sduit entstowwe, wat 'n koors-reaksie tot gevolg het, bv. Bloutong na die paarseisoen omdat dit tydelike onvrugbaarheid tot gevolg kan hê.
- ❖ Paar met kortwol. Langwol verhoog hittespanning wat weer libido (geslagsdrang) nadelig beïnvloed.
- ❖ Vermoeg skerp en dip korter as ses weke voor paring en staak alle ander aktiwiteite en hantering twee weke voor paring.
- ❖ As aanduiding van wanneer ooie gaan lam, kan u oorweeg om van merkers gebruik te maak. Ooie wat gedurende die eerste week gemerk word, sal bv. eerste lam. Lamtroppe kan op dié manier doeltreffend bestuur word.
- ❖ Viriele ramme met 'n goeie libido en dekbeheersigheid, wat vrugbaar is, wat gesond is en wat goed gevoed is, is noodsaaklik om die maksimum bevrugting van ooie te behaal.

Voorbereiding van ramme voor paring

- Klas ou ramme uit en vervang vroegtydig met jong ramme – gee voorkeur aan ramme wat uit vrugbare moederlyne kom met goeie reproduksie-syfers.
- Vervang 'n derde van die ramme jaarliks.
- Maak ramme fiks
- Toets ramme vir veneriese siektes
- Toets ramme vir libido en dekbeheersigheid
- Toets ramme vir vrugbaarheid
- Ent ramme vroegtydig teen siektes wat koors kan veroorsaak
- Doseer ramme teen inwendige parasiete en neuswurm
- Verskaf ramme met die nodige minerale en Vit A

- Skeer ramme vroegtydig
- Gee ramme ekstra voeding wat ryk aan proteïene is om saadproduksie en saadgehalte te maksimeer
- Ondersoek ramme weekliks vir tekens van brommer-aanvalle (veral rondom die horingbassis)
- Lei KI-ramme op om die kunsvagina maklik te neem

OOIBESTUUR IN PAARTYD

- ❖ Ooie kom gedurende die herfspaariseisoen, wanneer maksimum ovulasie plaasvind, natuurlik op hitte.
- ❖ Ooie kom elke 16 tot 17 dae op hitte met die gevolg dat 'n paariseisoen van 34 dae voldoende is.
- ❖ Jong ooie kom vir korter periodes (5 tot 24uur) op hitte teenoor volwasse ooie (12 tot 36uur).
- ❖ Jong ootjies moet verkieslik 4-5% ramme kry en vir bogenoemde rede apart van volwasse ooie gepaar word.
- ❖ Moenie ooie paar wanneer lusern- of medic-weidings deur insekte beskadig is of met swamme besmet is nie. Gedurende die toestand produseer weidings hoë vlakke van estrogeen wat 'n afname in ovulasie tot gevolg sal hê en ook kan veroorsaak dat ooie stadiger op hitte kom.
- ❖ Die optimale kondisietelling vir ooie wat ram toe gaan is 3,5 (boerkondisie).
- ❖ Prikkelvoer ooie drie weke voor paar tot drie weke nadat ramme verwyder is. Dit sal lei tot verhoogde ovulasie en help om resorpsie te bekamp.
- ❖ Prikkelvoeding kan gespaar word deur die ooie ses weke voor paartyd volgens kondisie in twee groepe te deel (goeie en skraal kondisie) en die voedingspeil so aan te pas dat albei groepe met paring in 'n goeie kondisie is.

- ❖ Prikkel het weinig effek waar dit langer as vier weke voor paar toegepas word. Met lupien byvoeding kan die periode tot twee weke verkort word. Tans lyk dit asof die reaksie wat met lupienpitte as byvoeding verkry word, onafhanklik is van verandering in liggaamsmassa.
- ❖ Moenie met ooie lol terwyl hulle by die ram is nie – vermy onnodige hantering vir periode van vier weke na besetting om resorpsie van die vrug te voorkom.
- ❖ Sorg vir koel drinkwater en skaduwee gedurende warm maande.
- ❖ Fetus-aanhegting begin op dag 14 tot dag 16 na bevrugting en is voltooi op dag 28 tot 35 na bevrugting. Gedurende dié periode kan die fetus maklik geresorbeer word.
- ❖ Ooie moet tydens paar in 'n goeie voedingskondisie verkeer en indien wollengte langer as 6maande is, liefs gemikskkeer word.
- ❖ Om maksimum besetting van jongooie te verkry, moet hulle 'n kritieke liggaamsmassa (65% tot 75% van die volwasse ooi se massa) voor paring bereik.
- ❖ Hoër besetting word verkry wanneer ooie met kortwol gepaar word.
- ❖ Vermy skeer en dip van ooie korter as ses weke voor paring en staak alle ander aktiwiteite en hantering twee weke voor paring en 30 dae na paring.

Voorbereiding van die ooie voor paring

- Gaan alle ooie deur en gooi dié met uierprobleme uit.
- Skeer ooie indien moontlik – indien dit nie moontlik is nie, moet die ooie minstens gemikseer word.
- Die ooie se kondisie moet in 'n groeifase wees as die ramme bykom – hulle hoef nie vet te wees nie – hulle moet net kondisie optel – prikkelvoeding met sjokolade mielies met 4% vismeel of prikkelvoeding deur ooie na spaarveld te skuif of prikkelvoeding deur die ooie te skeer.
- Ent die ooie in teen siektes wat dodelik is vir die lammers (soos klostridiale siektes en longkwale)

Tydens paring

As daar in groot troppe in groot kampe met moeilike terrein gepaar word, bring ooie en ramme minstens eenkeer per week bymekaar deur hulle bymekaar te maak.

Paar verkieslik volwasse ooie en jong ooie apart.

Paar ooie in spaarkampe, veral in die lente

Gebruik 3% ramme vir volwasse ooie

Gebruik minstens 5% ramme vir ooie wat die eerste keer by die ram kom

Moenie tydens paring skeer nie

Moenie vir langer as 6 weke paar nie

DRAGTIGHEIDSPERIODE

- ❖ Ooie moet hul massa (kondisie) gedurende dragtigheid handhaaf.
- ❖ Jong ooie se massa moet gedurende die tweede en derde maand van dragtigheid met 5% toeneem.
- ❖ Ooie kan ± 42 dae nadat ramme verwyder is vir dragtigheid en meerlinge skandeer word.
- ❖ Hantering van ooie moet gedurende die eerste maand na besetting tot die minimum beperk word.
- ❖ 70% van die ongebore lam ontwikkel gedurende die laaste 6 weke van dragtigheid. Liggaamsmassa toename van tussen 15 en 20% van dragtige ooie oor die periode is ideaal. Dit is 150 – 250g/dag vir ooie met 'n enkelingfetus en 250 – 350g/dag vir ooie met meerlingfetusse.
- ❖ Sonar ooie – as dragtigheid meer as 80% is, prul alle ooie wat droog is.

Laaste derde van dragtigheid (maak-of-breek-tyd-nommer 1)

- Ooie moet in 'n goeie kondisie lam (minstens 3 kondisie-punt) – doen 'n kondisiepunt van die ooie weekliks tydens die laaste 6 tot 8 weke van dragtigheid – sodra hulle onder 'n 3-kondisie punt gaan, moet daar opgetree word.
- Die hormoon estriool wat deur die plasenta afgeskei word, berei die ooi se uier voor vir laktasie – gee die ooie 'n lek wat ryk is aan deurvloei-proteïen
- Loop die draadheinings van die lamkampe deur en maak alle deurkruipplekke toe – lam verkieslik agter jakkalsproef of elektriese heinings.
- Skerp predasiebestuur op – moenie wag tot die ooie gelam het nie.

Deur die toepassing van bogenoemde praktyke kan ons die volgende verwag:

- 1) Lewenskragtige lammers (geboortemassa 3,5 – 5,5kg)
- 2) Voldoende uier-ontwikkeling vir maksimum melkproduksie
- 3) Maksimum ontwikkeling van wolfollikels vir leeftyd produksie!
- 4) Voorkom tengerwol
- 5) Voorkom domsiekte

LAMTYD - LAKTERENDE OOIE

- ❖ Daar moet waar moontlik in klein kampies en klein troppe gelam word – sorg vir skuiling, koelte en skoon drinkwater.
- ❖ Met elke 50 ooie waarmee lammertroppe vergroot, is gevind dat lamvrektes met 7,5% toeneem.
- ❖ Lakterende ooie moet nie meer as 25 – 50g in liggaamsmassa (vir enkelinge) en 60 – 100g massa (vir tweelinge) per dag verloor nie.
- ❖ Lakterende ooie moet vir 'n periode van twee maande nadat hulle gelam het goeie voeding kry. Die toepassing hiervan sal die volgende positiewe gevolge hê:
 - Maksimum melkproduksie
 - Verhoogde ovulasie met paring 180 dae later
 - Verhoging in die aantal wolfollikels wat ontwikkel (verhoogde wolproduksie)
- ❖ Slegs een week se groen weiding na lam kan ooie tot 'n hoë melkproduksie stimuleer

Vandat die ooie begin lam tot hul klaar gelam is (maak-of-breek-tyd-nommer 2)

- Hou vol met predasiebestuur
- As die veldtoestande swak is, gaan voort met die deurvloei-proteïen lek
- Lam op spaarveld of aangeplante weiding – veral met 'n na-winter lammery
- Lam verkieslik tweeling-ooie en jong ooie apart
- Skerp toesig op – stap elke dag twee keer rustig deur die ooie wat lam (geen honde nie) of doen die inspeksies te perd – let veral op vir ooie wat sukkel om te lam of lammers wat hul ma's verloor het
- Merk alle lammers wat een van 'n tweeling is, met 'n spesiale merk
- Sodra die ooie klaar gelam het, “wet & dry” almal – prul ooie wat nie lammers by hulle het nie (“Wet & dry” op bl. 23 aangeheg)

- As tweeling-ooie apart lam, moet die wat net een lam by haar het met merktyd 'n spesiale merk ontvang – sodra dit weer gebeur, word sy geprul.

Twee maande nadat die ooie begin lam het (tot met speen)

- 'n Ooi se melkproduksie piek sowat 42 dae na sy gelam het en neem dan vinnig af – dan moet die lam sterk begin vreet as hy wil goed groei – hierdie is die tyd om die ooie en lammers na nuwe kampe te skuif.
- Let op na die gesondheid van die lammers
- Doen 'n “wet & dry” op die ooie by speen – prul alle ooie wat nie 'n lam by haar het nie.
- Los die lammers wat boepens is by hul ma's by speen – bring die ooie weer na twee weke in en doen 'n “wet & dry” – die boepens lammers se ma's sal skoon spene hê – verkoop hulle saam met hul lammers.

Voedingswenke

Voer van ooie gedurende laat dragtigheid en lamtyd

- ❖ Voer laatoggend (o8hoo tot 12hoo) – dit verminder laatnag lamming (22hoo tot o6hoo)
- ❖ Moenie te vroeg soggens voer nie – ooie en lammers breek op wat lamvrektes verhoog

Die voeding-faktor

Voervloeibeplanning

- ❖ Beplan die veld, weiding en voedingsbestuur op so 'n wyse dat die ooi-kudde optimaal gevoer kan word wanneer sy dit die nodigste het (tydens laaste derde van dragtigheid en tydens lamtyd)
- ❖ Pas eerder die ooi-kudde se optimum behoefte by die voerbronne se produksie aan, as andersom
- ❖ Spaarveld en gespaarde voer is 'n integrale deel van voervloeibeplanning

- ❖ Sorg dat die plaas se belading in harmonie is met die plaas se drakrag – eerder effens laer as te hoog
- ❖ Maak voorsiening vir droogteperiodes – deur die korrekte belading toe te pas en met voerreserwes in die vorm van spaarveld en gespaarde voer
- ❖ Beplan die wyse waarop en wanneer die diere op die plaas verminder gaan word met ’n ontwikkelende droogte

Aanvullende en byvoeding

- ❖ Laat dragtigheid is die belangrikste tyd om na die ooie se aanvullende en byvoeding om te sien – sy mag dan nie vermaer of kondisie verloor nie
- ❖ Sodra die ooie gelam het, raak die voeding van die lam belangrik – kruipvoeding is een van die twee belangrikste “tools” vir vinnige lamgroei – die ander is om die ooie en lammers na goeie weiding te verskuif sodra die oudste lammers sowat 60 dae oud is

Die Gesondheidsfaktor

- ❖ Gesonde diere het ’n goeie produksie – entings teen dodelike siektes is veral belangrik
- ❖ Maak ramme en ooie skoon voor paring en gee minerale en Vit A
- ❖ Maak ooie skoon voor lam en gee minerale en Vit A
- ❖ Maak lammers skoon teen inwendige parasiete (soos melklintwurm, lintwurm en rondewurms) en koksidiose

Die tegnologie-faktor

- ❖ Hoe korter die lamperiode hoe beter – gebruik tegnologieë soos KI en oestrus sinkronisasie
- ❖ Gebruik groei-stimuleerders soos oor-inplantate
- ❖ Intensifiseer die lamproses deur in lamhokkies, lamkrale, lamkampies, ensomeer te lam
- ❖ Speen lammers vroeg en rond af in ’n voerkraal vir vinnige bemarking (moenie boepenslammers na die voerkraal neem nie – verkoop hulle dadelik)

- ❖ Hoe swaarder 'n lam by verkoop is, hoe groter die boer se wins

KRUIPVOERMENGSELS

Grondstowwe	Mengsels		
	1	2	3
SS200 (kg)	150	150	200
HPK36 (kg)	100	100	150
Melassemeel (kg)	80	80	80
Mieliemeel (kg)	675	575	555
Fyn lusern (kg)	-	100	-
Totaal (kg)	1005	1005	980

Mengsel 3 is veral goed vir Angoralammers en Skaaplamers waar hoë groei verlang word en waar koksidiöse 'n probleem is.



STERTSNYTYD

- ❖ Merk en kastrasie van lammers moet tussen 10 en 14 dae ouderdom gedoen word

- ❖ Werk gedurende die koel tyd van die dag en wanneer lammers rustig is
- ❖ Sny die stertjies van oilammers na die derde lit af. Dit sal bydra tot die bekamping van brommeraanvalle en urien besoedelde wol. Ooie met langer stertjies is geneig om wanneer hulle urineer, die stertjies op te lig sodat hulle weg van hulself urineer.

“Wet & Dry” ooie

- ❖ Inspekteer die uiers. Ooie waaraan daar nie ’n lam suip nie kan uitgeskot word.
- ❖ Identifiseer ooie wat gelam het, maar hulle lam/mers verloor het (ooie wat ’n uier het, maar die spene van vuil is) – skot hierdie ooie weens lae produktiwiteit uit.
- ❖ Ongeveer 65% van die ooie sal die daaropvolgende lamseisoen weer nie suksesvol reproduseer nie.
- ❖ Hierdie is ’n doeltreffende metode om speenpersentasie te verhoog. Alhoewel die getal uitskotdiere ’n mens aanvanklik laat skrik, is hierdie ’n seker manier tot uitbouing van ’n meer voortreflike kudde en ’n verhoogde inkomste.

DIE SPEEN VAN LAMMERS

- ❖ Melkproduksie bereik 'n piek op ±drie tot vier weke na lam waarna dit afneem. Indien kondisies swak is, kan ons gerus in gedagte hou dat dit goedkoper is om 'n lam te voer as 'n ooi met 'n lam.
- ❖ 'n Goeie speenouderdom is 12 weke.
- ❖ Speen lammers in die kamp waaraan lammers gewoond is.
- ❖ Om stres te verminder kan 'n paar ou ooie by hulle gelaat word.
- ❖ Gedurende droogteperiodes word dit aanbeveel om lammers, sodra hulle 200 tot 250g kruipvoer per lam per dag inneem, te speen.
- ❖ Goeie voeding van oilammers tot 'n ouderdom van 6 maande en verkieslik tot en met paartyd, is 'n goeie belegging. Hul leeftyd reproduksievermoë word hierdeur verhoog. Lammers wat die eerste paar maande van hul lewens onder 'n voedingstremming verkeer, sal minder lammers oor hul leeftyd produseer.
- ❖ Wanneer toestande goed is, kan ooie met lammers suksesvol gepaar word. Ooie vat goed ram terwyl lammers aan hulle suip!
- ❖ Indien getalle dit toelaat, kan die 10% tot 25% swakste lammers met speen by die ooie gelos word en kan die ooie weer een tot twee weke later “wet & dry” word. Ooie met uiers waarvan die spene skoon is, is die moeders van hierdie swak lammers en daar behoort ernstig besin te word om hulle ook uit te skot.

INSTANDHOUDING VAN OOIKUDDES

- ❖ Vervang u teeltroppe met tussen 30 en 35% (droë jongooie) as persentasie van die getal grootooie wat by die ram was. Indien die jong ooitjies dragtig gesertifiseer is, sal 25% vervanging voldoende wees om die kudde in stand te hou.
- ❖ Dit is 'n goeie praktyk om die verskillende ooi ouderdomsgroepe met verskillende kleur kleurplaatjies te identifiseer.
- ❖ Ooie van 6 jaar en ouer is minder produktief en behoort nie aangehou te word nie. (Dit is hulle wat nie hul lammers grootmaak nie, uierprobleme ontwikkel en oor die algemeen vir ons meer probleme gee.)
- ❖ 'n Vervangingspersentasie van 20% jongooitjies van die getal ooie wat by die ram was, is te min en het in die praktyk tot gevolg dat produsente al om die ander jaar of te veel ou ooie uitklas en dus meer jongskaap moet hou, of omgekeerd minder jongooie nodig het omdat hy dan kwansuis te veel ooie het.
- ❖ Die aanbevole vervangingspersentasie het outomaties korrekte kuddesamestelling tot gevolg met die gepaardgaande voordele van die hoër inkomstes.

SKEERTYD

Algemene higiëne

Voorbereiding vir skeer

- Wolskaapkuddes word afsonderlik van kruisras skape geskeer
- Hou krale en vangkrale skoon van polipropileensakke en baaltou
- Hou skeerhok skoon van voëlneste, sakke, baaltou, velle en chemiese middels
- Maak seker dat skeerhokvloer skoon is van olie en chemiese stortings
- Maak seker daar is voldoende vuilgoedhouers in skeerhok
- Maak seker wolbakke is goed afgeskort
- Sorg dat wol altyd droog gehou word
- Verseker dat alle merkstowwe voor skeer van skape afgeknip is
- Verseker alle onkruid, boetebos, ens. is voor skeer van skape verwyder

Inspeksies voor skeer

- ek het nie besems in my skeerhok wat besoedeling kan veroorsaak nie
- ek maak seker dat baaltou nie aan/op skêre en skeermasjiene gebruik word nie
- skoenveters en lyfbande van skeerders is van baaltou nie
- ek het 'n stelsel in plek om swart en bruin kolle tydens skeer te identifiseer
- ek gee spesifiek aandag daaraan om my honde uit die skeerhok te hou
- ek is tevrede dat my hooflyne goed geklasseer word
- ek is tevrede dat my onderlyne goed geklasseer word

Verpakking

- ek het my wolsakke voor skeertyd buite die skeerhok uitgeskud
- my baalbakke is stewig en in werkende toestand en penne is skerp
- bin-baal verdeling is van papier
- ek gebruik slegs goedgekeurde Nylon wolsakke

Skeerhok higiëne

1. **Algemene beginsels**

- Moenie dooie diere in die skeerhok afslag nie
- Moenie siek diere in die skeerhok aanhou nie
- Moenie velle in die skeerhok droog of stoor nie
- Na skeer moet alle wol verpak en verwyder word en skeertoerusting moet skoongemaak word.

2. **Ontsmettingsprosedure**

- Skeerders moet gereeld skoon aantrek – 'n reël wat veral tussen plase geld
- Die skeerhok moet $\pm 7 - 14$ dae voor skeer ontsmet word
- Elke skaap moet met 'n ontsmette skêr geskeer word
- Voorsien aan elke skeerder vloeistof met ontsmettings middel in waarin sy skêr geplaas kan word na elke skaap klaar geskeer is

3. **Volgorde van skeer**

- Jong skape moet eerste geskeer word; dié praktyk voorkom die verspreiding van absesse.

Die wol-fakor

- Gebruik net opgeleide skeerders en klassers
- Maak die skeerhuis behoorlik skoon voor daar geskeer word
- Gebruik net goedgekeurde toerusting, wat nie besoedel nie, in die skeerhuis
- Skeer alle merk-ink voor die tyd af
- Maak seker dat die skeerhuis goed ontwerp en ingerig is – dit verhoog skeerproduktiwiteit
- Gebruik die vorige skeersel se skeersel samestelling om die hooflyne vooraf uit te sit
- Ontleed elke skeersel om te bepaal of die skeersel goed geklasseer was
- Hierdie is die tweede belangrikste tyd om op die plaas te wees en self toesig te hou – die belangrikste tyd is die laaste derde van die ooie se dragtigheid en wanneer hulle lam
- Maak seker vanghokkies is voldoende en nie te ver vanaf skeerplatform

HANTERING VAN SKAPE

Die goeie veeboer word gemeet aan sy vermoë om 'n dier te hanteer. Enige hantering van diere veroorsaak stres. Stres op sy beurt stel hormone vry wat die diere se vermoë ten opsigte van die volgende beperk:

1. Siektes te bestry
2. Reproduksie
3. Produksie

Ander redes waarom hierdie kuns vervolmaak moet word

- ❖ Dit verminder beserings aan werknemers – verhoog produktiwiteit
- ❖ Dit verminder beserings aan diere – verlies aan produksie
- ❖ Verminder verlies aan tyd en arbeid
- ❖ Verminder verlies aan vleis by abattoir – gekneusde vleis

Beplanning van kraal- en drinkgeriewe

- ❖ Skape hou nie daarvan om afdraand te loop nie.
- ❖ Skape loop makliker teen die wind in.
- ❖ Skape sukkel om te loop met direkte sonlig in oë, maar loop wel beter teen die son in – skaduwee moet agter hulle wees.
- ❖ Die drukgang moet so geplaas wees dat skape nie die indruk kry dat hulle in 'n doodloopgang inbeweeg nie.

Verhongering tydens skeertyd veroorsaak stres

- ❖ Energiebehoefte neem toe met 30%
- ❖ As dit koud en nat is, neem energiebehoefte met 100% toe
- ❖ As skape 36 uur onderdak was, vat dit 6 dae voor hulle weer normaal vreet

Wat kan ons doen om stres te verminder?

- ❖ Goeie gehalte hooi is belangrik in die winter en vroeë lente wanneer verliese maklik voorkom

Hoekom?

Ruvoer is noodsaaklik om normale rumenfunksie in stand te hou en help om skape se eetlus na normaal te kry.

Die belangrikheid van beskutting

As dit 0° buitekant is en die wind waai teen 40km/uur, dan is die aanvoelbare temperatuur -15°. 'n Ry bome in die pad van die wind verminder die windspoed in die geval na 8km/uur, terwyl die aanvoelbare temperatuur slegs tot -4° sal afneem.


Enkele drukgang spesifikasies

- ❖ 'n Enkel drukgang kan tussen 525mm en 640mm wyd wees. Die hanteerder werk aan die buitekant van die drukgang.
- ❖ 'n Enkel drukgang kan tussen 700mm en 800mm wyd wees. Die hanteerder werk binne die drukgang.
- ❖ Drukgang en krale moet gelyk wees.
- ❖ Maak seker hanteringsfasiliteite is sonder obstruksies wat diere kan beseer

Dosering

- ❖ Doseer skape waarvan die kondisie af is.
 - ❖ Moet nooit die hele trop doseer nie – los minstens 10% ongedoseer om die moontlikheid van die opbou van weerstandbiedende parasiete te beperk.
 - ❖ Maak seker dat die doseerspuit die regte hoeveelheid middel lewer, kalibreer doseerspuit.
 - ❖ Doseer volgens die dier se gewig – Weeg tien skape en neem boonste derde se gewig om hoeveelheid doseer middel te bepaal.
 - ❖ Skud die middel goed voordat daarmee doseer word.
 - ❖ Wissel doseermiddels af volgens aktiewe bestanddele
 - ❖ Doseer skape in die drukgang – hulle moet weg van jou kyk
 - ❖ Onthou dat 'n skaap wat sê bek vertikaal opgelig word, nie kan sluk nie – doseermiddel kan in die longe beland!
 - ❖ Doseer altyd met die kop in 'n normale posisie – effe opwaarts
 - ❖ Druk die sneller van die spuit geleidelik en moenie los voordat die spuit uit die dier se bek verwyder is nie
-
- ❖ **Riglyne:**
 - Doseer 6 weke voor paar
 - Doseer 6 weke voor lamtyd
 - Doseer 6 weke na lamtyd

Die 5-Punt ondersoek metode



Dip en behandeling van ektoparasiete by skape

Definitiewe riglyne om chemiese residu's in wol te beperk bestaan nie op die stadium nie. Australiese navorsing wys daarop dat dipstowwe en ook groei-regulerende produkte soos Veterazin, oor die algemeen nie vir die periode van 2 maande voor skeertyd op skape gebruik moet word nie.

Daar is insekte-groei-reguleerders op die mark wat nie vir die periode van 6 maande voor skeer op skape gebruik moet word nie. Produsente word versoek om totdat formele riglyne ontwikkel is, versigtig te wees.

- ❖ Die gebruik van die LuciTrap sisteem wat ontwikkel is om brommerpopulasies te onderdruk en die gebruik van chemiese produkte te beperk, word aanbeveel.

FISIESE REPRODUKSIE-REKORDS AAN DIE HAND VAN DIE “WET&DRY” TEGNIEK

NAAM:

	SEISOENE			
Lam ouderdom met wet/dry				
Maande				
Dektyd				
Dekdatum				
Dekperiode (aantal dae)				
Paarmassa – Ooie (tel 25 ooie af)				
Prikkelperiode (weke)				
Koggelperiode (aantal dae)				
Paarmetode (KI, Groep, ens.)				
Dektrop grootte				
Skandeer : Dae na dekyd				
.....				
Getal tweeling 				
Enkelinge				
Droog				
Lamstelsels				
Klein kampies / troppies				
Hokke				
Uitkeer “Drifting”				
Minimum toesig				
Lamtyd				
Tropgrootte				
Kampgrootte				
Reproduksie inligting (aantal)				
Ooie gepaar				
Ooie vrek (paar tot lam)				
Ooie droog (oorgeslaan)				
Ooie met lammers (sogend)				
Ooie sonder lammers (nie sogend)				
Lammer sterte gesny				
Kuddesamestelling				
Getal ooi ouderdomsgroepe				
Vervangingsooie benodig				
% Vervanging/ooie gepaar				
Getal ouderdomsgroepe				

